SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Afrigters, Beamptes en Skeidsregters

Is. Vertolking van reëls soos toegepas deur SAJTU

Die SAJTU toutrek reëls is gebaseerd op die TWIF reëls met ’n paar veranderinge. Hier volg ’n verduideliking van hoe die toutrek reëls rakende onttrekkings, reserwes, ankermanne, geentrekke, ens. toegepas sal word tydens Junior toutrek kompetisies.

Onttrekking

Wanneer ’n span onttrek tydens ’n uitdunrondte van ’n rondomtalie kompetisie, sal die volgende geskied:

1. Die span wat onttrek verbeur al sy punte wat verwerf is in wedstryde deelgeneem, wat beteken vir elke wedstryd sal die span 0 punte verwerf.
2. Die span wat onttrek word, sal dan laaste geplaas word in die uitdunrondte.
3. Spanne wat alreeds deelgeneem het teen die span wat onttrek het, se punte sal aangepas word na 3.
4. Spanne wat nog nie teen die span wat onttrek het deelgeneem het nie, sal die wedstryde as loslootjie kry, en sodoende 3 punte verkry.
5. ’n Span wat onttrek se trekkers mag nie beskikbaar gestel word om as reserwe trekker die dien vir ander spanne van dieselfde klub nie.

Wanneer ’n span onttrek tydens ’n finale van ’n gewigsafdeling, sal die volgende geskied:

1. Die span wat onttrek moes alreeds 1 trek voltooi het in die finale rondte. Die span verbeur al sy punte wat verwerf is in wedstryde deelgeneem, wat beteken vir elke wedstryd sal span 0 punte verwerf.
2. Die span wat onttrek word, sal dan laaste geplaas word in die finalerondte.
3. Indien ’n span wat kwalifiseer vir finalerondte onttrek alvorens enige wedstryde geskied het, sal daardie span vervang word deur die volgende beste span in sy groep / afdeling.
4. Spanne wat alreeds deelgeneem het teen die span wat onttrek het, se punte sal aangepas word na 3.
5. Spanne wat nog nie teen die span wat onttrek het deelgeneem het nie, sal die wedstryde as loslootjie kry, en sodoende 3 punte verkry.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Reserwereël

Aantal trekkers in 'n span

'n Span bestaan uit 8 trekkers vir die aanvang van 'n gewigsafdeling. Slegs EEN aanvoerder en EEN waterdraer word per span toegelaat.

Wanneer mag reserwereël toegepas word?

'n Reserwe trekker mag enige trekker vervang vir die res van die gewigsafdeling. Hierna mag daar geen verdere veranderings vir die gewigsafdeling plaasvind nie. 'n Reserwe trekker mag in 'n span ingebring word, hetsy vir 'n besering of 'n taktiese skuif. 'n Reserwe verandering mag slegs plaasvind nadat die eerste trek van 'n wedstryd plaasgevind het. Indien dit voor die eerste wedstryd plaasvind, sal dit 'n normale span verandering wees en is die span nogsteeds geregtig op 1 reserwe verandering toe te pas. Die trekker wat vervang word, mag nie verder deelneem in daardie gewigsafdeling nie. Die reserwe trekker moet 'n geregistreerde trekker van die klub wees.

Prosedure

Beide die trekker en die reserwe trekker en afrigter moet rapporteer by die hoofskeidsregter. Beide trekkers moet hulle identifikasie dokumentasie by hulle hê. Die onderskeie trekkers se gewigte word nagegaan op die skool / klub se enkel inweeg lys, verskaf deur die SAJTU skaalbeamptes. Die reserwe trekker moet dieselfde of ligter weeg, as die trekker wat vervang word. Die totale gewig van die span tydens die offisiële inweeg, mag nie vermeerder word nie, selfs al weeg die span minder as die maksimum gewig van die gewigsklas. Onmiddellik na die verandering sal die trekker wat vervang word, se stempel of merk wat aandui dat die trekker deel van 'n span was, gekanselleer word. Die reserwe trekker sal dan 'n nuwe stempel of merk kry vir daardie span. Die hoofskeidsregter sal dan op die span inweeg vorm, die nodige veranderings aanbring.

Minimum trekkers in 'n span

'n Tweede reserwe vervanging word nie toegelaat nie. Indien 'n tweede besering plaasvind in 'n span, word die span toegelaat om met 7 trekkers voort te gaan. 'n Span sal nie toegelaat word om deel te neem met minder as 7 trekkers nie.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Sportdrag

Algemeen

Trekkers moet truie dra wat dieselfde kleur het. Aanvoerders en waterdraers mag dieselfde klere dra as die span of ’n volledige sweetpak wat die kleure van die klub /skool weerspieël. Aanvoerders en waterdraers moet toe skoene dra, geen insteek skoene of kaalvoete word toegelaat nie.

Hoof bedekkings

Trekkers, aanvoerders en waterdraers word toegelaat om ’n hoofbedekking te dra wat die kleure van die klub /skool weerspieël.

Beskermde Kleredrag

Kleredrag wat gedra word om die trekker se vel te beskerm soos bv. T-hemp met spons, moet **onder** die trekker se trui gedra word. Beskermde belde **moet** bo-oor die trui gedra word, met die **gespe** aan die teenoorgestelde kant van die tou. Slegs **EEN** leer belt word toegelaat.

Drag tydens inweeg

Mans spanne weeg in met behoorlike grootte nie-deursigtige kortbroek.
Dames spanne weeg in met behoorlike grootte nie-deursigtige kortbroek en hemp.
Geen fietsry broeke “*ski pants*” word toegelaat tydens die inweeg nie.

Ankerman

Die anker se pak **moet** ten volle onder die trui wees, die trui van die anker moet in die broek gedruk wees, geen dele mag uitsteek nie. Alle punte van anker se pak wat los hang, **moet** in die broek van die anker gedruk word. Die anker pak mag nie dikker as **50mm** wees nie. Die anker sal toegelaat word om die tou **onder die hoogte** van die beskermde belt te plaas. Dit beteken nie, **die indruk / haak / plaas** van die tou onder die beskermde belt nie. Geen materiaal soos lappe, sokkies sal toegelaat word in die broeksakke van ankers nie. Dit verhoed die vrye beweging van die tou. Indien die tou onder die beskermde belt inbeweeg **tydens** die trek, sal dit nie gesien word as ’n sluit nie.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Geentrek (no pull)

'n Geentrek sal toegeken word in die volgende gevalle:

1. Indien beide spanne fouteer nadat beide spanne 2 waarskuwings gekry het.
2. Indien beide spanne onaktief is vir 'n periode van langer as 10 minute.
3. Indien beide spanne die tou los tydens 'n trek.
4. 'n Trek onderbreek word sonder enige oortredinge deur enige van die spanne soos byvoorbeeld besering, fout deur skeidsregter, interaksie van toeskouers.

Indien 'n geentrek toegeken word vir gevalle 1, 2 en 3 sal die trek onmiddellik weer begin word, sonder dat hulp soos water aan die span gegee word. Indien 'n geentrek toegeken word in geval 4, sal daar 'n redelike rusperiode toegeken word, alvorens die trek **herhaal** word.

Prosedure om die posisie van 'n span te bepaal indien daar spanne is wat gelyk is

1. **Wie het gewen** toe die 2 spanne teen mekaar getrek het. Die span wat gewen het sal dan die beter posisie verkry.
2. Indien die spanne nogsteeds gelyk is, word daar gekyk na wie die meeste **fisiese trekke** gewen het. Die span wat die meeste fisiese trekke gewen het sal dan die beter posisie verkry.
3. Indien die spanne nogsteeds gelyk is, sal die span met die **minste waarskuwings**, die beter posisie verkry.
4. Indien die spanne nogsteeds gelyk is, sal die span wat die **ligste weeg**, sal dan die beter posisie verkry.
5. Indien die spanne nogsteeds gelyk is, sal die **spanne loot** en die span wat die loot wen, sal dan die beter posisie verkry.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Diskwalifikasie

'n Span sal gediskwalifiseer word vir 'n spesifieke trek in die volgende gevalle:

1. Indien enige persoon aan trekkers of tou raak gedurende 'n trek.

'n Span sal gediskwalifiseer word vir 'n spesifieke wedstryd in die volgende gevalle:

1. Indien die span nie betyds aanmeld by die instap area nie.
2. Indien enige span die tou stoot of weier om te trek en sodoende verseker dat sy teenstander die wedstryd wen.

'n Span sal gediskwalifiseer word vir 'n spesifieke gewigsafdeling in die volgende gevalle:

1. Indien enige trekkers omgeruil word, sonder dat die nodige prosedure soos hierbo gemeld onder reserwereël, gevolg is.
2. Indien enige trekker wat deelneem aan 'n spesifieke gewigsafdeling, nie kwalifiseer volgens sy/haar ouderdom nie soos bv. 'n vervalste ID dokument.
3. Indien 'n span gebruikmaak van enige trekker van 'n ander klub sonder die toestemming van SAJTU bestuur.
4. Indien enige trekker of afrigter op 'n skeidsregter of beampte vloek tydens of na 'n trek.

Trekgebied

Die trekgebied word geïdentifiseer as 'n area wat maksimum **120cm** wyd is waarin die trek plaasvind van 'n spesifieke tou. Spanne wat doelbewus uit die trekgebied beweeg tydens 'n wedstryd sal 'n vriendelike aanmaning kry vir die eerste oortreding, maar daaropvolgende oortredings sal gevolg word deur 'n direkte waarskuwing.

Trekposisie

Alle trekkers, behalwe die Ankerman moet die tou tydens die **gereed** bevel met beide hande kan los sonder om sy voete te skuif. Indien die trekker nie **self regop kan staan nie**, sal dit gesien word dat die trekker alreeds in 'n trekposisie was. Verder moet alle stewel trekkers ten minste **EEN** voet plat op die gras/grond hê.

SA *Junior Toutrekunie*
Junior Tug of War Union

Tel : 0824584450
E-mail : gert.albertse@sun.ac.za

Verbode middels

Stewel liga trekkers wat in een van die goud, silwer of brons spanne deelgeneem het, sal deur middel van ’n steekproef geïdentifiseer word vir die toets van verbode middels. Die toetse sal deur die personeel van WADA uitgevoer word. Indien die medikasie wat 'n trekker nodig het om te neem vir 'n siekte of toestand, kwalifiseer as ’n verbode middel, moet die trekker in besit wees van ’n sertifikaat van goedkeuring vir terapeutiese gebruik (TUE). Hier voor kan aansoek gedoen word deur 'n TUE vorm te voltooi. Die sertifikaat sal die trekker die vrystelling gee om die medisyne te mag neem. http://www.drugfreesport.org.za/tue/

Vriendelike groete
Gert Albertse
Hoofskeidsregter SAJTU